

DRAADTREKWERK—

IN ons vorige artikels het ons verskeie oop some behandel. Daar is nog steke wat baie eenvoudig is en ook mooi lyk, soos bv. in diagram 1 getoon word. Dié steek word oorhandse steek genoem.

Jy benodig vir dié steek 'n duidelik sigbare garing (die spesiale garing wat vir baie oopwerkse gebruik word, is nie sterk genoeg nie).

Heg die garing aan die regterkant van die werk, links onder jou uitgetrekte drade, vas. Steek die naald nou van onder na bo deur en heg dit daar weer met 'n klein stekie in die materiaal vas. Die nuutgespande draad lê dus langs 'n vertikale draad van die materiaal en wanneer die drade nou met kombers- of oorhandse steek omwind word, sal dit ekstra stewigheid verleen.

Wanneer jy tot by die onderkant van die balkie gewerk het, word dit weer met 'n klein stekie vasgewerk en dan span jy jou volgende draad van onder na bo en herhaal die proses. Die resultaat is 'n soom met stewige stafies of balkies wat deftig lyk (diagram 1).

Jy kan hierdie werk afwissel deur 'n sigsagpatroon te borduur, wat op dieselfde manier begin word, maar met die verskil dat jy verkieslik 4 drade van die materiaal van die regteronderkant omwind tot bo. (Vier drade is nodig omdat dit makliker is om kombersvulsteek daarvoor te werk.) Steek dan vir die boonste paar steke die naald rondom dubbel die aantal drade en werk dan weer afwaarts soos uiteengesit (diagram 2).

Jy kan ook dieselfde soort steek oor die middelste deel van 'n oop soom werk. Laat sowat 'n kwart van die draadjie oop, begin deur 8 drade saam te trek en 2 steke rondom al die drade te werk. Werk dan afwaarts tot jy net so ver van die onderkant is as wat jy aan die bokant oopgelaat het. Maak jou verbinding oor die 4 drade waaraan jy werk **plus** die volgende 4, werk 2 steke rondom al 8 die drade en werk dan die vulsteek tot die vasgestelde hoogte.

Werk so voort tot aan die einde van die soom (diagram 3).

Deurstopwerkbalkies (raadpleeg diagram 4). Met deurgestopte balkies word die werk baie sterk, maar jy loop die risiko dat dit effens krimp sodat die soomrande dan effens na mekaar getrek word. Dit moet teengewerk word deur aan die begin 'n groter aantal drade uit te trek.

Jy moet weer eens 'n goed sigbare garing gebruik en 'n rondpuntnaald, want 'n gepunte naald sal jou werk baie bemoelilik omdat dit in die drade vassteek. Dis hoekom sommige professionele borduursters die naald **met die oog eerste** in die werk steek!

Vir deurstopwerkbalkies is dit nie nodig om die draadjies eers deur middel van oopwerksteek in bondeltjies te verdeel nie. Jy kan dadelik begin en wanneer jy goed na diagram 4 kyk, kan jy sien hoe die eenvoudige beweging van die naald en draad die bondeltjies saambind en verstewig.

Heg jou garing regs aan die onderkant vas en begin **vanuit die middel** van 4 drade deur die garing eers na regs, dan na links om 2 drade te slaan, soos stop- of weefwerk. Wanneer jy die bokant bereik, moet die garing so onsigbaar moontlik na die volgende

Oopwerkrande in 'n gordyn.



4 drade deurgesteek word en dan begin die proses weer van voor af.

Een van die baie variasies van hierdie werk is om die dubbele bondels in die middel van die soom te laat verspring. Begin met 'n enkele kolom, en sodra jy die middel van die uitgetrekte drade bereik het, weef dan om en om soos op diagram 5 gesien kan word.


Dus, om saam te vat:

- Oopwerk of draadtrekwerk lyk baie sleg wanneer dit nie netjies gewerk is nie. Gun jouself dus genoeg tyd en maak iets moois daarvan.


- Kyk die **hele** patroon goed deur voor jy begin, want indien daar om hoeke gewerk moet word, sal jy aan die een rand oor skering, en aan die volgende rand oor die inslagwerk. Omdat skering- en inslagdrade nie altyd ewe dik is nie kan dit jou werk ongelyk laat voorkom. In so 'n geval sal jou maatstrokie van karton van onskatbare waarde wees. Gebruik dit dus by voorkeur i.p.v. jou maatband, want dis meer akkuraat en makliker om te gebruik.

- Om drade by hoeke uit te trek, vereis groot versigtigheid en noukeurigheid. Dit sal help om aan die verkeerde kant van die materiaal met 'n potlood 'n paar punte aan te bring. Lig die drade dan baie versigtig met 'n naald op, knip hulle daarna een vir een netjies af met 'n krompuntborduurskêrtjie, eers aan die een kant en dan die ander.

- Onthou ook dat die garing vir die basiese oopwerksteke baie dun en sterk moet wees — daar is spesiale garing vir oopwerk maar vir die dekoratiewe en deurstopwerk moet borduurgaring soos bv. Anchor nr. 25 gebruik word.




1. Stafies wat met oorhandse steek verstewig is.




2. Oorhandse steek vir eenvoudige sigsagpatroon.



3. Oorhandse steek vir 'n meervoudige sigsagpatroon.



4. Deurstopwerkbalkies.



5. Deurstopwerkbalkies wat verspring.

(Slot) Oorhandse steek



←Detail

'n Skinkbordlappie



←Detail

'n Tafeldoek met oopwerkmiddel-
stuk